1. VOORSKRIFTE

1.1 ALGEMENE VOORSKRIFTE:

- 'n Deelnemer mag in **een of meer kategorieë** deelneem.
- 'n Deelnemer skryf in volgens **skoolgraad**, dit wil sê óf in graad 6, 7, 8, 9, 10, 11, 12 óf die ope afdeling (18-25 jaar; dui ouderdom aan).
- **NB! NB!** Dieselfde inskrywings mag NIE meer as **een keer** (jaar na jaar) vir die Internasionale Afrikaans-Ekspo ingeskryf word NIE. Dit moet **oorspronklike werk** wees wat nog nie voorheen ingeskryf is nie.
- Alle inskrywings moet die **deelnemer se eie, selfstandige, unieke en nuwe werk** wees.
- **LET WEL! Die beoordelaars is onafhanklik van die FAK en hulle beslissings vir die finaliste en wenners is finaal en bindend en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.**

1.2 VOORSKRIFTE VIR DIE HANTERING VAN 'N INSKRYWING:

- Die koerantberigte moet **getik** wees, met die volgende vereistes:
  - **Font:** Calibri
  - **Lettergrootte:** 12
  - **Spasiëring:** 1½
  - **Kantlyne:** 20 mm rondom
- Bo-aan jou werkstuk/inskrywing moet die onderstaande inligting aangebring word. Die inskrywing sal punte verloor indien nie hieraan voldoen word nie:
  - **Naam en van**
  - **Graad/ouderdom**
  - **Afrikaans eerste taal (huistaal) / Afrikaans tweede taal (addisionele taal)**
  - **Kategorie**
  - **Titel**
- Sien punt 3 in die Algemene Afdeling oor hoe om jou inskrywing(s) in te dien.
- Heg die gedig in ***pdf-formaat*** aan.
- Indien **meer as een inskrywing** vir hierdie kategorie ingeskryf word (bv. een leerder wat twee koerantberigte skryf), moet elke inskrywing **apart** ingestuur word, elk met 'n **afsonderlike inskrywingsvorm**.
- 'n **Maksimum van DRIE INSKRYWINGS per kategorie per leerder** word toegelaat. Geen ekstra inskrywings sal aanvaar word of beoordeel word nie. Kies die **beste DRIE** om in te skryf.
- Ons verkies dat geen **handgeskrewe** koerantberigte ingestuur word nie. Die beoordelaar moet nie sukkel om dit te lees nie.

1.3 SPESIFIEKE VOORSKRIFTE:

- Vir leerders met Afrikaans as Huistaal:
  - 140 tot 160 woorde vir graad 6 en 7
  - 160 tot 180 woorde vir graad 8 en 9
  - 180 tot 200 woorde vir graad 10 tot 12 en ope afdeling
- Vir leerders met Afrikaans as Eerste Addisionele Taal:
  - 80 tot 100 woorde vir graad 6 en 7
  - 100 tot 120 woorde vir graad 8 en 9
  - 120 tot 140 woorde vir graad 10 tot 12 en ope afdeling
- Moenie die koerantberig in koerantformaat uitlê nie, slegs in gewone paragrawe soos in 'n opstel.
- Voorsien die berig van 'n treffende titel.
- Skryf die getal woorde van die koerantberig onderaan die inskrywing.

2. WENKE

- Hou die volgende formule in gedagte: die vyf W's en die H – wie, wat, waar, wanneer, waarom en hoe.
- Skryf in die derde persoon. (Jy kan nie jou opinie lewer nie.)
- Gee feite en gebeure akkuraat en objektief weer.
- Haal 'n ooggetuie/besoeker se direkte woorde aan. (bv. Volgens Piet ....)
- Maak seker jou paragrawe volg logies op mekaar.
- Gebruik sinonieme vir afwisseling.

3. OPDRAG

Skryf 'n koerantberig vir jou skoolkoerant/universiteitskoerant oor 'n gebeurtenis by die skool/universiteit of in die gemeenskap, bv. Groentjiekonsert, revue, sportbyeenkoms, verkiesing van 'n komitee, kultuurbyeenkoms, sosiale geleentheid, ens.

BEOORDELING SAL NA AANLEIDING VAN DIE VOLGENDE GEDOEN WORD:

INHOUD __ / 20	• Is daar 'n duidelike tema? • Is die koerantberig onderwerpgerig? • Is genoegsame agtergrond ingewin? • Word die inhoud logies opgebou, m.a.w. het dit 'n inleiding en slot?
TEGNIESE VERSORGING __ / 20	• Is die formaat van die koerantberig reg? • Is die koerantberig goed gestruktureer? • Is die teks taalversorg? • Is goeie Afrikaans gebruik? • Is die titel treffend en 'n opsomming van die artikel?
GEHEELINDRUK __ / 10	• Toon die leerder helder denke? • Is daar 'n duidelike boodskap? • Word die dialoog kreatief aangewend en is dit lewendig? • Is dit 'n geslaagde aanbieding? • Is die dialoog 'n afgeronde geheel? • Is die onderwerp effektief? Sal dit aandag trek?
TOTAAL	..... uit 50